SIZA Nuus
SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA

Volume 1, Uitgawe 6
Maart 2017

INHOUD:

Etiese Oudits Toenemend Belangrik	1	Regstellende Aksies	2
SIZA Ouditfrekwensiematriks	2	SIZA Lidmaatskapvoorwaardes	3
Nakoming van SIZA GRASP	2	SIZA Omgewingsversekering	4

ETIESE OUDITS TOENEMEND BELANGRIK

'SIZA het waardevolle blootstelling gekry tydens 'n gesamentlike perskonferensie met hul nuwe vennoot, GLOBALG.A.P., by die Fruit Logistica konferensie in Berlyn.

Die konferensie het hierdie jaar gefokus op "Die Toekoms van Plaassertifisering". Hierdie kwessie word internasionaal al hoe meer relevant soos gesien kan word in die toenemende aantal GLOBALG.A.P.-lede wat die GRASP etiese oudit onderskryf. Die wêreldwye voetspoor daarvan het al meer as verdubbel met 'n 116% toename.

SIZA is aan die voorpunt van plaassertifisering. Ons stel etiese standaarde in Suid-Afrika op en maak seker dat daar voldoen word aan 'n reeks internasionale handelsvereistes. "SIZA stel Suid-Afrika se landbousektor in staat om 'n internasionale leier te word in volhoubare, etiese handel en omgewingsbestuur," sê Anton Rabe, SIZA Direkteur.

Die vennootskap met GLOBALG.A.P. was 'n groot deurbraak vir hierdie Suid-Afrikaanse inisiatief. Rabe verduidelik: "GLOBALG.A.P. erken SIZA se oudits as een van die programme wat aan hulle nakomingsvereistes voldoen. Dus kan ons duplikasie vir ons lede uitskakel. Ons vennootskap met GLOBALG.A.P. stel ons in staat om die SIZA ouditinligting en ander nodige informasie op die GLOBALG.A.P. databasis te publiseer, sodat ons kliënte die status van Suid-Afrikaanse produsente kan nagaan op een plek m.b.v. die GGN soek- en boekmerkfunksies."

Kontak asb. vir Retha Louw vir meer inligting: retha@siza.co.za

Proud to be a
GLOBALG.A.P.
MEMBER
2017

SIZA / GRASP: VENNOOTSKAP MET GLOBALG.A.P.

Hoe werk dit in praktyk?

Die vennootskap met GLOBALG.A.P. stel ons instaat om SIZA oudit- en ander inligting in die GLOBALG.A.P. databasis te publiseer. Kleinhandelaars kan dan die status van al hul Suid-Afrikaanse produsente nagaan op een plek m.b.v. die GGN soek- en boekmerkfunksies.

SIZA kan een maal per maand die databasis opdateer. Dus, indien jy op die GlobalG.A.P. databasis gelys wil wees, stel asb. die SIZA kantoor in kennis (info@siza.co.za) sodat ons jou kan byvoeg. Let wel: jy moet oor 'n aktiewe SIZA lidmaatskap beskik om in die GlobalG.A.P. databasis opgeneem te kan word.

Uitvoermaatskappye moet asb. hul opgedateerde verskafferslyste teen die 20ste van elke maand aan SIZA stuur (info@siza.co.za).

SIZA OUDITFREKWENSIEMATRIKS

Die SIZA etiese program is verbeteringsgedrewe eerder as ouditgedrewe en gebruik die SIZA Ouditfrekwensiematriks om hierdie benadering te ondersteun. Tot op hede het dit bestaan uit vier risikokategorieë (Platinum, Goud, Silwer en Brons) waar Kategorie A die strengste kwalifikasiekriteria bevat het (geldig vir 'n vyf-jaar ouditperiode).

Die landbou-omgewing is vinnig besig om te verander en daarom is 'n besluit geneem om die ouditfrekwensie-kategorieë vanaf die 1ste Mei 2017 te verander na Platinum, Goud, Silwer en Brons, waar Platinum nie meer 'n vyf-jaar ouditperiode sal dra nie, maar slegs vir drie jaar. (Die SIZA Ouditfrekwensiematriks is op SIZA se webtuiste beskikbaar ter insae - www.siza.co.za).

Ouditperiodes wat reeds vantevore toegeken is, bly onveranderd. Onthou: die SIZA Ouditfrekwensiematriks is slegs 'n aanduiding; indien die mark aan wie jy lewer ander spesifikasies het, moet jy steeds aan daardie spesifikasies voldoen.

SIZA het verskillende aktiwiteite en aksies geïmplementeer om risiko te verminder en te bestuur. 'n Derdeparty-oudit is beslis 'n belangrike komponent hiervan, maar volhoubare verbetering word ondersteun deur die aktiwiteite

REGSTELLENDE AKSIES OP DIE SIZA PLATFORM

Na afloop van 'n oudit moet elke produsent alle regstellende aksies op sy/haar profiel uitvoer. Geen bevestigings-briewe sal uitgereik word voordat alle regstellende aksies nie uitgevoer en afgeteken is deur die ouditeur nie. Geen korreksies moet asb aan die ouditeure ge-epos word nie, dit moet deur die produsent op die platform gelaai word.

Neem asb. ook kennis dat die komentaarkassie op die Platform slegs vir die gebruik van verduidelikings, notas of aanvullende inligting tot die regstellende aksies gebruik mag word. Ouditeurs sal nie hierdie notas as regstellende aksies aanvaar nie – bewys van implementering of regstelling moet steeds opgelaai word.

SIZA LIDMAATSKAP

Onthou asb. dat SIZA lidmaatskap jaarliks hernu moet word voor of op die datum waarop jy vir die heel eerste keer by SIZA geregistreer het.

Wannneer jy jou lidmaatskap hernu, moet jy drie dinge doen:

1. Teken aan by jou profiel en betaal die lidmaatskapfooi. **Stuur asb. die bewys van betaling aan info@siza.co.za**
2. Kopieër jou selfbeoordelingsvraelys (SBV) van die vorige jaar na jou profiel toe sodat jy jou inligting kan opdateer, ens.
3. Dien dan die SBV in sodat SIZA dit kan nagaan en op rekord kan hou. Die *Submit* skakel is regs onderaan die bladsy.

Jou profiel sal slegs aktief word wanneer jy hierdie drie stappe afgehandel het.

HOEKOM MOET LIDMAATSKAP JAARLIKS HERNU WORD?

Na afloop van 'n oudit word 'n Platinum, Goud, Silwer of Brons -status aan jou toegeken, wat geldig is vir twee of drie jaar. Jy moet egter steeds jou lidmaatskap jaarliks hernu en jou selfbeoordelingsvraelys (SBV) opdateer. Een van die voorwaardes van die twee- en drie-jaar ouditperiodes is dat SIZA moet toesien dat hul lede die voorgeskrewe etiese praktyke en standaarde gedurende daardie tyd handhaaf. SIZA moet ook jaarliks elke opgedateerde SBV hersien om te kyk of enigiets op 'n plaas gedurende die spesifieke periode verander het. Indien lidmaatskap en SBV opdatering nie jaarliks plaasvind nie, sal die lid se sigbaarheid op die SIZA, Sedex en GlobalG.A.P Platforms in die gedrang kom, en die bevestigingsbrief sal nie meer van krag wees nie.

WAT SLUIT JOU SIZA LIDMAATSKAP IN?

SIZA lidmaatskap maak jou inligting sigbaar op die SIZA en Sedex Platform, asook die GlobalG.A.P. databasis. SIZA bestuur jou Sedex profiel so jy hoef nie vir Sedex lidmaatskap of 'n persoonlike profiel op Sedex te registreer of te betaal nie.

SIZA lidmaatskapfooie is as volg vanaf 1 April 2017:

Vlak	Kategorie	Koste (BTW uitgesluit)	
1a	Produsente	R 960	
1b	Produsent/pakhuis	R 1 050	
2	Pakhuise	R 1 300	
3a	Uitvoerders	R 2 000	
3b	Multi-persele 2 – 6	R 960	per perseel
3b	Multi-persele 7 – 10	R 6500	plus R960 vir elke addisionele perseel na 10 persele
4	Invoerder/agent	R 6 500	
5a	Kleinhandelaars	R 10 000	
5b	Groot industrieverenigings	R 30 000	
5c	Klein industrieverenigings	R 10 000	
6	Nie winsgewende maatskappye	R 1 500	
7	Oudit liggame	R 3 000	

SIZA
SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA
Ethical Trade assurance for South African Agriculture

SIZA OMGEWINGSVERSEKERING

DIE OMGEWINGSPILAAR VAN VOLHOUBAARHEID WORD INGESLUIT

SIZA het 'n langtermyn visie van omgewingsrentmeesterskap wat integraal as deel van volhoubaarheid aangebied word. Om dit te ondersteun, het WWF-SA saam met SIZA gewerk om die versekering van minimum omgewingsvereistes en goeie praktyke te ontwikkel en op te neem. Dit vorm deel van 'n geïntegreerde etiese- en omgewingsvolhoubare versekeringsprogram wat daarop gemik is om tot diens te wees vir die Suid-Afrikaanse vrugte- en vars produktesektore.

WWF-SA het 'n prestasiebeoordelingshulpmiddel vir omgewingsbestuur (*environmental performance assessment (EPA) tool*) ontwikkel wat produsente sal help om hulle huidige nakoming van en risiko t.o.v. omgewingsvereistes te bepaal. Hulle kan dit op plaasvlak of areavlak doen deur 'n selfbeoordelingsvraelys met 'n risikoprioritiseringsfilter in te vul. Die uitslae word gebruik in 'n geïntegreerde verbeterings- en omgewingsbestuurplan en moniteringtelsel. Die terugvoerfunksie sluit 'n verbeteringsplan in wat die produsent se vordering kan volg sodat hy/sy verslag kan lewer oor doelgemaakte volhoubaarheidsmaatreëls (om interne besigheidsbesluitneming te help en om verslag te lewer aan kleinhandelaars). Die vrae wissel van minimum regsvereisets tot leidende praktyke oor vier hoof-onderwerpe – water, grond, energie & materiale, en die plaas se ekosisteme – en is gemaatstaf teen die heersende internasionale standaarde (GlobalG.A.P. se IFA Weergawe 5, GSCP, Leaf, Nurture, Woolworths Farming for the Future, Sedex en SAI FSA). Die doel van hierdie inisiatief is om veelvuldige markvereistes saam te voeg in een, plaaslik ontwikkelde hulpmiddel.

Wat jy kan verwag

Die WWF span werk saam met die SIZA Raad om hierdie omgewingsversekeringsprogram te integreer met die huidige SIZA struktuur. In die eerste fase hiervan sal die prestasiebeoordelingshulpmiddel (*EPA* tool) aan die einde van 2017 aanlyn beskikbaar wees. Die opgedateerde weergawe van die hulpmiddel sal teen die einde van Maart in Excel formaat beskikbaar wees vir enigeen om te gebruik. WWF-SA beplan werkswinkels aan geïnteresseerde partye in die vrugtebedryf (bv. produsente, uitvoerders, konsultante, voorligtingsbeamptes, ens.) vir bewusmaking en opleiding tussen April en November 2017.

Kontak asb. die WWF projekkoördineerder vir meer inligting: Shelly Fuller, (021) 881 3073 of sfuller@wwf.org.za.

Vir hulp met of navrae oor die SIZA Platform:

SIZA hulplyn	Lynn Taute, Tel 086 1111 568
E-pos	info@siza.co.za